WEEK 20 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS

SINODENUUS

Ondersteuning

NB! BEURSE EN LENINGS - NG KERK VRYSTAAT: Die Sinodale Kerkkantoor ken jaarliks beurse en lenings aan voltydse teologiese, sowel as nie-teologiese studente, toe. Aansoekvorms vir beurse en lenings ten opsigte van die 2020 studiejaar, is reeds by hierdie kantoor beskikbaar. **Die sluitingsdatum vir die aansoeke is 31 Augustus 2019 om 16:00.** Vir verdere navrae in dié verband, kontak gerus vir Danielle van Heerden by 051 406 6700, of stuur 'n e-pos aan **studente@ngkvs.co.za**. **LET WEL**, *hierdie beurse en lenings word slegs aan studente (nie-teologies) toegestaan wat aan 'n Vrystaatse instansie studeer en wie se ouers in die Vrystaat woonagtig is, asook teologiese studente wat aan die Universiteit van die Vrystaat studeer.* ***Voorwaardes geld.***

Visionering

Taakspan: Vrouebediening NGKVS - Toerustingsgeleentheid Februarie 2020:



Hierdie gewilde kamp vind weer tydens die **naweek van 14 - 16 Februarie 2019 by Amanzi naby Brandfort**, plaas. Die **spreker** tydens dié geleentheid is **dr Frederick Marais** wat aan die Communitas Netwerk verbonde is. **Let wel, die besprekings vir hierdie geleentheid open reeds op Dinsdag 23 Julie 2019 en sluit op Maandag 14 Oktober 2019.** Klik **hier** vir die inskrywingsvorm - **NB! Alvorens julle enige gelde inbetaal, moet julle eers vir Marietjie van der Merwe op 076 113 9601 kontak om seker te maak van die beskikbaarheid van akkommodasie.** ***Aangesien die plekke beperk is word 'n beroep op die gemeentes gedoen om só spoedig moontlik te bespreek.*** Die bespreking kan bevestig word met die betaling van 'n 50 % deposito nadat julle eers met Marietjie bevestig het - **die uitstaande bedrag moet teen die einde van Desember 2019 betaal wees** *(regstelling, in die brief staan Desember 2020)*.

GEMEENTENUUS

NG Vredefort bied 'n Buffeljagkompetisie as 'n fondsinsamelingsgeleentheid aan:

Klik op die biljet links vir 'n groter weergawe met al die besonderhede van hierdie kompetisie. Dit **sluit op 2 Augustus 2019**, waarna die gelukkige trekking op 4 Augustus sal plaasvind.

NG Gardeniapark bied aan:

Vir meer inligting oor die volgende geleenthede, kontak vir Mariska in die kerkkantoor op 051 522 0392 (Di-Vr 08:00 - 13:00), of stuur e-pos aan ngkgardenia@telkomsa.net:

NG Reddersburg:

NG Bedelia se Wildsfees:

Die tema vir hierdie jaar se fees is, ***HAKUNA MATATA*** en vind op **Saterdag 3 Augustus 2019** plaas. Dit word voorafgegaan deur 'n **Bingo-kuieraand op Vrydag 2 Augustus** - klik **hier** vir die program van die fees, met die besprekingsvorm vir 'n losie.

NG Marquard - Fondsinsameling:

Vir hierdie geleentheid is daar verskeie jagpakette (vir 2020 seisoen) beskikbaar wat gewen kan word, **die gelukkige trekking hiervan vind tydens die basaar in September 2019 plaas** - klik **hier** vir al die besonderhede en kontakbesonderhede.

Ander gebeure in ons streek:

Mighty Men Sentraal: Hierdie geleentheid vind weer plaas tydens die naweek van **9 tot 11 Augustus 2019** by die *Bundu Game Lodge* te Riebeeckstad in Welkom. Die sprekers by hierdie geleentheid is ds Riekert Botha en oom

Albert Ferreira, terwyl Dewald Gouws, bekende gospelsanger, die *praise and worship* en die Saterdagoggend se opstaansessie gaan lei. Die verblyf behels oorslaap in 'n saal by die lodge, met storte wat oor warm water beskik. Alle etes en slaapplek kos R400pp vir die naweek, busvervoer vanaf Bloemfontein is R250pp en vir 'n ekstra R150 kan jy 'n gholfhemp vir die naweek bestel. Belangstellendes kan vir Adele by 051 430 3773 skakel, of 'n e-pos aan admin@vlpbloem.co.za stuur om te registreer.

OPLEIDINGSGELEENTHEID

Lentekonferensie - Sentrum vir Voortgesette Bedieningsontwikkeling: Die jaarlikse Lentekonferensie word **vanaf 17 tot 19 September 2019** gehou met die tema, ***Hoe ons onthou, hoe ons vergeet. Om verbeeldingryk te leef.*** Vanjaar word die brosjure, soos verlede jaar, nie per landpos aan predikante gestuur nie, maar slegs elektronies. Besoek asseblief **Excelsus se webblad** - die **brosjure met die program is** by http://bit.ly/lk19brosj **beskikbaar** (gee kans om af te laai). Doen **inskrywings elektronies** by http://bit.ly/19lkinsk